

Die Voortrekkers



WERKBOEK

vir

Penkoppe en Drawwertjies

In

Graad 2

Uitgegee deur:
Die Voortrekkers,
Posbus 12542,
Queenswood, 0121

Kopiereg: **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, eerste druk 1995

Eerste hersiening, eerste druk 1999

Tweede hersiening, eerste druk 2001

Derde hersiening, eerste druk 2003

Tweede uitgawe, eerste druk 2005

Tweede uitgawe, tweede druk 2006

Vierde hersiening, eerste druk 2013

Vyfde hersiening, eerste druk 2017

ISBN 1-920124-07-1

Inhoud

Ek as mens	4
<u>1.</u> Menswees	5
<u>2.</u> Spaarsin	6
Ek in my omgewing	7
<u>1.</u> Veiligheid ten opsigte van water	8
<u>2.</u> Waterbesparing.....	11
<u>3.</u> Dienslewering	13
<u>4.</u> Hantering van gebruiksartikels	17
<u>5.</u> Noodhulp	20
<u>6.</u> Kampering	22
<u>7.</u> Spoorsny	28
Ek as Voortrekker	30
<u>1.</u> Die Voortrekkers – Ons Veldkornetskap	30
<u>2.</u> Spesialisasies.....	32
<u>3.</u> Die Voortrekkerwapen	34
<u>4.</u> Sereemonie-vaardighede	36
<u>5.</u> Die Voortrekkerkode	37
<u>6.</u> Voortrekkerdrag en kleurstelsel	40
<u>7.</u> Sang	42
<u>8.</u> Spele	44
Ek as Afrikaner.....	46
<u>1.</u> Kinderhelde: Dirkie Uys	46
Ek as landsburger	48
<u>1.</u> Die geskiedenis van ons volk en land.....	48
<u>2.</u> Ons mooi land.....	50

Ek as mens

Mense verskil van mekaar. Ons het verskillende talente. Gesels in die span oor julle verskillende talente.

1. Menswees

Plak 'n foto of teken 'n prent van jouself hier

Jesus het vir ons almal verskillende talente gegee.

Dalk kan jy nie goed lees nie maar jy kan mooi teken of jy sukkel om 'n bal te vang maar jy kan vinnig hardloop.

Dit maak nie saak nie - Jy moet net altyd jou bes doen.

'n Vriendelike kind het baie maats.


'n Bakleierige kind is 'n alleenkind.

Onthou

2. Spaarsin

Hieronder is 'n voorbeeld van goeie geldsake.

Die hele R10.00 is nie uitgegee nie, maar R2.50 word gespaar.



**MOENIE AL DIE SAKGELD OF
ANDER GELD WAT JY KRY
SPANDEER NIE.**

Onthou

Waarom ons moet spaar?

By watter instansies (plekke) kan ons spaar?

Bespreek


Ons spandeer nie almal ons geld op dieselfde manier nie, want dit wat ons almal graag wil hê en nodig het verskil, maar dit is belangrik dat jy 'n deel van jou geld elke maand moet oorhou en spaar.

As jy geld spaar elke maand kan jy later 'n duurder item soos 'n fiets koop met jou spaargeld.

Ek wil spaar vir:

.....

.....



Ek in my omgewing

1. Veiligheid ten opsigte van water

Water kan baie pret verskaf maar is ook gevaarlik en daarom mag kinders nooit alleen swem nie.

Beskryf 'n veilige swemplek.


Noem voorbeelde van gevaarlike swemplekke.

Bespreek



**Belangrike reëls:**

- **Moet nooit alleen gaan swem of bootry nie. Daar moet altyd 'n volwassene by wees.**
- **Moenie gaan swem net nadat jy geëet het nie.**
- **Moenie in water induik of spring as jy nie weet hoe diep dit is nie.**
- **Moenie enigiemand in die water stamp nie.**
- **Moenie om die swembad hardloop nie.**
- **Op 'n boot moet jy altyd 'n reddingsbaadjie dra.**
- **Moet nooit op die rand van 'n boot sit nie.**



2. Waterbesparing

Ons woon in 'n land met baie min vars water en warm somers.

Daarom mag ons nie mors met water nie en moet ons probeer om water te spaar.

Noem voorbeelde hoe julle water kan bespaar.

Bespreek

Wees versigtig wanneer jy by damme en riviere speel.

Die sand op die wal kan los wees of nat en glad en dan kan jy maklik gly en inval.



Besoedeling maak 'n rivier se water onbruikbaar en kan die visse en plante in die water doodmaak.

Diere wat kom water drink kan ook seerkry met die glasstukke of versmoor in die plastiek wat op die wal lê.



3. Dienslewering

Wanneer jy 'n diens lewer doen jy iets omdat jy iemand graag wil help en nie omdat jy iets in ruil daarvoor wil kry nie.

Voortrekkers lewer graag 'n diens aan ander mense.

By die huis kry jy kans om diens te lewer as jy take vir mamma of pappa doen.

Help jy gereeld vir pappa en mamma?

Watter take doen jy?

Bespreek



Kleur die take in wat jy gereeld doen:

Penkoppe		Drawwetjies	
1	Die swembad help skoonmaak	1	Vir jou ma help inkopies doen
2	Met tuinwerk help	2	Help met wasgoed
3	Die gras help sny	3	Vee and afstof
4	Skottelgoed was	4	Tafel dek
5	Boodskappe oordra	5	Kamer netjies maak
6	Boetie of sussie oppas	6	Matte stofsuig
7	Bad skoonmaak	7	Baba oppas
8	Die hond was	8	Skottelgoed was
9	Die hond of kat kosgee	9	Stoep vee
10	Bed opmaak	10	Bed opmaak
11	Kleure wegpak	11	Tee maak vir Ouma/Oupa
12	Speelgoed wegpak	12	Koekbak
13	Skoolboeke versorg	13	Blomme natspuit
14	Vleisbraaihout aandra	14	Potplante water gee
15	Stoep vee	15	Klere wegpak

Tel nou hoeveel take jy ingekleur het en kyk hoe fluks is jy.

Minstens 8 uit 15	Jy is baie fluks.
Minstens 5 uit 15	Jy is fluks maar moet dalk bietjie meer help.
Minder as 2 uit 15	Jy doen te min.

Dienslewering is nie net om take vir iemand te doen nie. Om te wys dat jy omgee soos om vir iemand wat eensaam is te gaan kuier of iemand wat siek is in die hospitaal te besoek is ook dienslewering.

Dink aan iemand wat alleen of siek is vir wie jy kan gaan kuier.



4. Hantering van gebruiksartikels

4.1. Die mes

Vir ons voorouers was hulle knipmesse belangrike items tydens die Groot Trek. Knipmesse is gebruik om latte of takke te sny vir skuilings, diere wat gejag is af te slag, biltong te kerf, rieme te sny en mooi goed te kerf uit hout of seep.

- Hanteer 'n mes versigtig want dit kan baie seer maak.
- Moet nooit hardloop met 'n mes in jou hand nie.
- 'n Mes is nie 'n speelding nie.




Versorging van messe:

- 'n Mes wat stomp is, kan nie goed sny nie. Sorg dat die lem altyd skerp is.
- Sorg dat die lemme skoon en droog is voordat jy die mes toeknip anders kan dit roes. Nadat jy vrugte of ander kos gesny het, moet die lem afgespoel en goed afgedroog word. Roesplekke kan met 'n bietjie asyn en sout afgeskuur word.
- Moenie met jou mes aan voorwerpe soos klippe, drade of blikke sny of kap nie, want die lem kan daardeur beskadig word.
- Bêre die mes wanneer dit nie gebruik word nie.

Gebruik 'n skêr met 'n ronde punt want dit is baie veiliger. Dra 'n skêr altyd met sy snypunte na die grond toe.

Opdrag:

Wees kreatief en maak vir jou 'n hangprent soos die aanwysings.




- **Teken 7 sonne en 7 mane op 'n groot stuk karton.**
- **Verf die mane en sonne met helder kleure. Laat die verf goed droog word.**
- **Knip al jou vorms baie versigtig uit.**
- **Bind stokkies of riete aan mekaar om 'n kruis te maak. Laat 'n stukkie garing bo om dit aan die dak vas te maak.**
- **Maak 'n gaatjie bo in elke son en maan met 'n naald en dubbele garing. Trek die garing deur en maak 'n groot knoop.**
- **Bind die sonne en mane so aan die stokkies van. Hang dan die hangprent aan die plafon.**

4.3. Die plastieksak

Gebruik van 'n plastieksak.

- Om artikels, wat nie moet nat word nie daarin te verpak of toe te draai.
- Om klein artikels bymekaar te hou, soos byvoorbeeld knopies of potlode.
- Om byvoorbeeld 'n waslappie daarin nat te hou.
- Om kos higiënies te bewaar.
- Om inkopies in te sit in die winkel.
- Om vuilgoed in weg te gooi.



'n Plastieksak kan dalk handig wees om jou kop droog te hou in die reën, maar is ook baie gevaarlik omdat jy daarin kan versmoor.

Moet nooit 'n plastieksak oor jou eie gesig of oor iemand anders se gesig trek nie.

Gooi altyd plastieksakke wat jy nie meer wil hê nie in 'n drom wat toemaak sodat dit nie in die veld beland waar dit skakelik is vir diere nie.

4.4. Die tou

Ons kan 'n tou vir die volgende goed gebruik:


- Om goed mee vas te bind soos 'n bondeltjie hout.
- Om kampgeriewe mee te maak.
- Om iets te trek of te sleep soos 'n motor wat gebreek het.
- Om 'n toubrug of hangmat mee te maak.
- Om bagasie op 'n bakkie vas te bind.
- Om iets mee op te hys byvoorbeeld 'n emmer water uit 'n put.
- Om wasgoed aan op te hang.

Maak nou vir jou 'n vlieër waar jy ook tou sal gebruik.


Jy gebruik sommer dan 'n skêr en 'n plastieksak ook.

Hoe om 'n reghoekige vlieër te maak


1. Knip die bo- en onderkant van 'n plastiekinkopiesak af. Knip ook die kante oop.




2. Knip twee gate in die plastiek.



3. Sit 'n reguit stok aan elke kant deur die plastiekkante om te vou en met maskeerband vas te plak. Bind 'n stukkie lyn aan elke stok soos aangedui.



4. Bind 'n bol dun lyn aan die vlieër vas soos hieronder getoon. Maak seker die lus in die middel los is.



5. Noodhulp

Wat moet in ons noodhulpsak wees vir kampe:




Ek weet hoe om op te tree wanneer:

Iemand sy vinger gesny het



Iemand geval het




Iemand se neus bloei



'n slang iemand gepik het

'n by iemand gesteeke het

**‘n spinnekop iemand gebyt het of ‘n
skerpioen iemand gesteeek het**



Iemand gebrand het



6. Kampering

Plak jou kampbrief hier

Number of hauls	<i>P. setiferus</i> (%)	<i>P. setiferus</i> + <i>P. setiferus</i> + <i>P. setiferus</i> (%)	<i>P. setiferus</i> + <i>P. setiferus</i> + <i>P. setiferus</i> (%)
1	~10	~20	~70
2	~5	~15	~80
3	~3	~10	~87
4	~2	~8	~90
5	~1	~6	~93
6	~1	~5	~94
7	~1	~4	~95
8	~1	~3	~96
9	~1	~2	~97
10	~1	~1	~98

Kleur die items in wat jy saamneem

Eetgerei

Toiletware



Beddegoed

Ander



Klere



Onthou

- Geen skerp voorwerpe saamneem nie.
- Los mekaar se besittings uit.
- Alle opritte behoort gehoorsaam te word.
- Moenie te veel lekkers inpak nie.


6.2. Vuurmaak in die veld


Om 'n behoorlike vuur te maak, begin deur droë gras en blare op 'n hopie te pak. Pak daarna droë, dun stokkies in die vorm van 'n tent oor die gras en dan 'n paar stukkies dikker hout bo-op.

Steek nou die grassies aan die brand. Sodra die vuurtjie goed brand, pak nog dikker hout op. Hierdie dik hout maak kole wat baie mooi gloei, net reg om worsies te braai.

Ek moet onthou dat:

- Ek nie enige plek mag vuurmaak nie.
- Ek net op 'n oop stuk grond mag vuurmaak.
- Ek nooit onder bome of kragdrade mag vuurmaak nie.
- Ek nie brandende voorwerpe mag rondgooi nie.
- Ek nie 'n vuur alleen mag los nie.
- Alle vure deeglik geblus moet word.
- Ek dadelik hulp moet inroep as ek 'n vuur of 'n veldbrand gewaar.






6.3. Daguitstappie

Onthou

Veiligheid tydens die uitstappie.

- **Neem genoeg drinkwater saam.**
- **Dra stewige, toe skoene met sokkies/kouse.**
- **Sit 'n hoed op.**
- **Bly bymekaar en luister na julle leier.**
- **Kyk waar jy loop.**
- **Moenie hardloop nie.**
- **Moenie enige veldyrukte eet nie.**



Vul in wat jy alles op 'n daguitstapie sal saamneem.



Saamneemlys

Plak foto's van julle uitstappie hier.


A large, empty rectangular box with a thin black border, intended for pasting photographs of a field trip. The box occupies the bottom third of the page.

7. Spoorsny

Spoorsny beteken om 'n spoor te soek en te volg.


Spoorsny leer ons om oplettend te wees en dit gee ons kans om in die natuur wees. Kyk mooi om jou rond terwyl jy spoorsny.

Julle het reeds van die pyl en verkeerde pad geleer.



Die dubbelpyl:

Dit beteken dat die pad in twee deel en dat jy of die een of die ander pad kan volg.



Hier is al die spoorsnytekens wat julle nou ken. Teken hulle in die oop blokkies.

Volg hierdie rigting	
Verkeerde pad	
Pad verdeel in twee	

Moet nooit op 'n spoorsnyteken trap of dit vernietig nie. Spoorsny kan 'n lekker avontuur wees maar dan moet 'n span mooi saamwerk en vir mekaar wag.

Ek as Voortrekker

1. Die Voortrekkers – Ons Veldkornetskap

Penkop- en Drawwertjiespanne saam met hul offisiere word in groepe ingedeel sodat die seunspanne en die dogterspanne elk 'n veldkornetskap vorm. Die leier van 'n veldkornetskap word 'n veldkornet genoem.


Die veldkornet dra drie groen komasse.



Die ander
in die veldkornetskap is adjudante.

volwassenes

Adjudante dra twee groen kompasse.



My spanoffisier se naam is

My spanleier se naam is

Rangkentekens:

'n Spanoffisier dra

'n Spanleier dra

Dogtersveldkornetskap

Ons veldkornet is

Die spanne is:

-
-
-
-

**Almal saam
vorm 'n
veldkornetskap**

-
-
-
-

Seunsveldkornetskap

Ons veldkornet is

Die spanne is:

-
-
-
-
-
-
-
-

Almal saam
vorm 'n
veldkornetskap

2. Spesialisasies

2.1. Ons beplan om vanjaar die volgende spesialisasies te doen.

2.2. Ek het die volgende spesialisasies voltooi en het kentekens daarvoor ontvang.


Naam van die Spesialisasie	Dit het gehandel oor:

3. Die Voortrekkerwapen

Ons wapen bestaan uit:

1.
2.
3.



Maak 'n afskrif van die wapen, knip die dele uit en bou jou eie wapen om op 'n kaartjie te plak.



4. Seremonie-vaardighede

My offisier reken dat ek die volgende reg kan doen


Bevel	Datum	Handtekening
Aandag		
Op die plek rus		
Apél		
Links om		
Regs om		
Herstel		
Godsdienshouding		
Rig (Links of Regs)		
Oë front		

Links om**Regs om****5. Die Voortrekkerkode**

Hier is die vyf reëls van die Voortrekkerkode wat jy hierdie jaar moet byleer.



'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.



'n Voortrekker leef met respek.




'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.







'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.



'n Voortrekker neem 'n leiding.





6. Voortrekkerdrag en kleurstelsel

Groepkenteken

Voortrekkerwapen

Gebiedswapen

Spesialisasies

Kommandonaamlint

Spankenteken

Rangkenteken

Jukskei (diensjare)


Graadwiel

Laat 10mm spasies tussen kentekens.

Aan die einde van die jaar kan jy nog twee kentekens kry om op jou erkenningsbaadjie te werk.

- 'n Blou jukskei vir getroue diens indien dit jou derde jaar as Voortrekker was.

- 'n Groen graadwiel om te wys dat jy jou graadwielwerk afgehandel het.



7. Sang

Hierdie jaar gaan julle minstens twee geestelike liedjies, twee Voortrekkerliedjies en een liedjie om jou graadwielwerk te onthou, byleer.




8. Spele

Julle moet hierdie jaar minstens twee Voortrekkerspeletjies leer.

'n Voortrekkerspeletjie is 'n speletjie wat jou help om jou graadwielwerk makliker aan te leer en te onthou.

Spele soos "knoop-vroteier" help jou om knope te oefen , en " oom Japie sê" help jou om seremoniewerk te leer.



Ek as Afrikaner

1. Kinderhelde: Dirkie Uys

Dirkie wou nie sy vader, wat met 'n assegaai gesteek is en swak was van al die bloed wat hy verloor, alleen in gevaar los tussen die vyand nie.

Hy het hard probeer om die krygers weg te hou, maar hulle het hom ook met 'n assegaai doodgemaak.

Dirkie was 'n held omdat hy aan sy pa en nie aan homself gedink het nie.





Ek as landsburger

1. Die geskiedenis van ons volk en land

Jan van Riebeeck


Jan van Riebeeck en sy vrou Maria het op 6 April 1652 in Tafelbaai aangekom. Hulle het saam met hulle bemanning van Nederland af gekom met 3 bote:

Drommedaris, De Goede Hoop, Reijger

Hulle moes groente en vrugte plant en beeste aanhou sodat hulle vars kos kon gee vir die matrose op die bote wat verby die Kaap gevaar het.

**In Kaapstad is daar 'n
standbeeld van Jan van
Riebeeck in die hoofstraat,
Adderleystraat.**





2. Ons mooi land

Ons woon in Suid-Afrika.

Suid-Afrika is die mees suidelike land van die vasteland Afrika.

Suid-Afrika is verdeel in 9 provinsies.

In watter provinsie woon jy? Kleur die provinsie in.

Bring foto's of prente van ons mooi land spanbyeenkoms toe en plak dit in jou werkboek.